

Dinsdag 19 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 15:32-36

Fokusgedeelte: Numeri 15:35

Here, bewaar my tog van opsetlike sonde!

Om die erns van moedswillige sonde te illustreer, gee die Heilige Gees vir ons in Numeri 15:32-36 'n voorbeeld.

Die oortreding van die sabbatsgebod was sonde. Swaar arbeid en vuurmaak op die sabbat was verbode (vgl. Eks. 31:15; 35:2). Dit was ook nie toelaatbaar om hout bymekaar te maak nie. Iemand wat hierdie verbod oortree, *moes beslis sterwe*. Hy is buite die kamp *met klippe doodgegooi*. Só ernstig was dit as God se eer aangetas is.

In Hebreërs 10:26-29 word God se streng en regverdige oordeel oor “moedswillige” of “opsetlike” sondes beklemtoon. Dit is amper asof die skrywer kommentaar lewer op ons teks:

“Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. Daar bly alleen 'n verskriklike verwagting oor van die oordeel en 'n gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer. As iemand die wet van Moses oortree, en twee of drie getuies bevestig dit, word hy nie begenadig nie, hy word doodgemaak. Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het?”

Die doen van “opsetlike” of “moedswillige” sonde kom dus, in Nuwe-Testamentiese taal, daarop neer dat jy die Seun van God verag, die bloed van die verbond minag en die Heilige Gees beledig.

Mag die Heilige Gees jou en my altyd help, rig en lei om die teendeel te doen: om Jesus Christus as Verlosser en Koning te eer, sy verlossingsbloed kosbaar te ag en God ewig te loof en te prys.

Sing: Psalm 119-1:7

Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)